KIXPIRASIE KWARTAAL 2 2020

Jy kry "all sorts" van kinders

Koop vooraf 'n pakkie Liquorice Allsorts vir die leiers om te deel.

Deel 'n pakkie *Liquorice Allsorts* lekkers met mekaar en deel wat jou gunsteling lekker daarin is. Gesels saam oor die volgende:

- Watter verskillende tipe (persoonlikheid) kinders is in jou groep (moenie name noem nie)?
- Watter verskillende belangstellings het hulle?
- Hoe verskil hulle omstandighede tuis?
- Hoe verskil hulle uitdagings?
- Hoe verskil hulle ervaring van God?

Somtyds is dit moeilik om almal te aanvaar in jou groepie. Sommige kinders daag jou uit en ander ontwrig die groepstyd. Ander is dalk maklik vir jou om mee oor die weg te kom. Gesels met mekaar oor die uitdagings in jou groep en gee vir mekaar raad oor hoe jy dit kan hanteer. Onthou dat die Here kinders met unieke persoonlikhede geskep het en dat Hy "*all sorts*" (alle tipe) kinders liefhet en aanvaar nes hulle is.

Vir meer inligting oor hoe om uitdagings in die groep te hanteer, besoek gerus Dinkjeug.

Lees Lukas 18:15-17 saam. Bemoedig mekaar en bid vir mekaar.